

20 jaar van genade, seën en voorsiening.

Die tradisionele geskenk vir 20 jaar is 'n mooi eetstel en die moderne geskenk is Platinum. Ons het in ons 20 jaar van kerkplanting nooit 'n fisiese geskenk ontvang nie, maar ons, en elke donateur wat ons al ooit ondersteun het, het geskenke met ewigheidswaarde ontvang. Elke persoon wat deur ons kerke en dissipelskap-programme tot bekering gekom het, sal eendag saam met ons in die hemel wees. Hoe wonderlik is dit nie?

Ons Uitvoerende Hoof en Stigter, Steven (Fanie) Loots, het 20 jaar gelede oor die dorpies van Malawi gevlieg en vir die Here gevra om vir hom die geleentheid te gee om daar te werk – om kerke te plant, leraars op te lei en dissipels te maak.

God is goed! Die Harvesters kerkplantings-model is in daardie selfde jaar gebore. Ons het die jaar 2000 afgesluit met 27 nuut geplante kerke in Malawi en Zambië.

Harvesters het vandag al meer as 67 000 kerke in 63 lande regoor die wêreld geplant. Dit is verbasend om te sien hoe vermenigvuldiging tot eksponensiële kerkgroei lei.

Party mense wonder waarom kerkplanting so belangrik is en die antwoord is eenvoudig. Die Kerk verander enige gemeenskap. Slegs die liefde van Jesus Christus kan iemand se hart verander.

Dit is slegs deur die genade van God dat mense se harte aangeraak is om ons bediening te ondersteun. Ons is ewig dankbaar teenoor elke donateur wat ons al ooit ondersteun het. Dit is jou geskenke wat elkeen van hierdie 67 000 kerkplante moontlik gemaak het.

Ons sien uit daarna om te sien wat God vir Harvesters beplan! Ons vertrou God vir ons visie om een miljoen kerke teen 2025 te plant. Ons bid dat jy sal aanhou bid en met ons sal saamwerk. 🕊

Ook in hierdie Uitgawe:

- 2** 20 Hoogtepunte van die afgelope 20 jaar
- 4** Raak Betrokke by Harvesters



20 Lande

20 Hoogtepunte vir Harvesters



Danksy lojale donateurs, soos jy, was dit vir Harvesters moontlik om te groei tot 'n internasionale sending-organisasie wat in meer as 60 lande werk. Sonder jou vrygewigheid en gebede sou hierdie hoogtepunte nie moontlik gewees het nie:

Angola

Nuwe Kerke geplant: **1 488**
Aantal leraars opgelei: **596**

Madagaskar

Nuwe Kerke geplant: **344**
Aantal leraars opgelei: **476**

Etiopië

Nuwe Kerke geplant: **25**
Aantal leraars opgelei: **25**

Panama

Nuwe Kerke geplant: **634**
Aantal leraars opgelei: **217**

Brasilië

Nuwe Kerke geplant: **423**
Aantal leraars opgelei: **171**

Mosambiek

Nuwe Kerke geplant: **6 063**
Aantal leraars opgelei: **4 412**

Ghana

Nuwe Kerke geplant: **89**
Aantal leraars opgelei: **131**

Guatemala

Nuwe Kerke geplant: **289**
Aantal leraars opgelei: **148**

Rwanda

Nuwe Kerke geplant: **767**
Aantal leraars opgelei: **139**

Mali

Nuwe Kerke geplant: **42**
Aantal leraars opgelei: **78**

Ivoorkus

Nuwe Kerke geplant: **317**
Aantal leraars opgelei: **367**

Kenia

Nuwe Kerke geplant: **2 985**
Aantal leraars opgelei: **1 476**



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop sodat die onbereiktes Jesus kan leer ken en – deur die woorde wat tot bekering kom – kerke plant in van die moeilikste plekke ter wêreld. Dankie vir jou geskenke en gebede!



Lesotho

Nuwe Kerke geplant: **48**
Aantal leraars opgelei: **64**

Mongolië

Nuwe Kerke geplant: **40**
Aantal leraars opgelei: **40**

Vietnam

Nuwe Kerke geplant: **94**
Aantal leraars opgelei: **137**

Kambodja

Nuwe Kerke geplant: **32**
Aantal leraars opgelei: **53**

Thailand

Nuwe Kerke geplant: **56**
Aantal leraars opgelei: **76**

Demokratiese Republiek van die Kongo

Nuwe Kerke geplant: **256**
Aantal leraars opgelei: **211**

Indië

Nuwe Kerke geplant: **3 748**
Aantal leraars opgelei: **1 691**

Zambië

Nuwe Kerke geplant: **1 135**
Aantal leraars opgelei: **259**

Filippense 4:13 "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."

Met jou ondersteuning sal ons hierdie hoogtepunte selfs nog verder kan uitbrei en uitbou. Raak vandag nog 'n venoot van Harvesters Ministries en help ons om God se Koninkryk te bou.

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries
ABSA Bank
Rekeningnommer: 4075041297
Takkode: 632005
Verwysing: FE0220EM

Sken maklik aanlyn:

zapper™


SnapScan



Scan here to pay

Webbank ATM

Baie dankie vir jou getroue ondersteuning.



Danksy getroue ondersteuners soos jy,
word daar oraloor evangelisasie gesprekke gevoer.

Raak Betrokke by Harvesters!

Ons het verskeie platforms wat jy kan gebruik om by Harvesters betrokke te raak.

Facebook

Volg ons op Facebook deur ons Harvesters Ministries Facebookblad te gaan volg. Daar sal jy op hoogte bly van die wonderlike werk wat God deur Harvesters doen. Volg die onderstaande skakel om ons Facebookblad te besoek en vandaag nog meer betrokke te raak by Harvesters: www.facebook.com/harvestersmin/.

Instagram

Volg Harvesters Ministries op Instagram en ontvang gereelde brokkies nuus vanuit die veld. Volg die onderstaande skakel en volg ons op Instagram: www.instagram.com/harvestersministries.

Webtuiste

Besoek ons webtuiste vandag nog by www.harvestersministries.com en teken in vir ons maandelikse gebedsriglyne en nuusbrieue. Jy kan die nuutste blog artikels op ons webtuiste lees, videos kyk oor ons werk en ingelig bly oor waarmee Harvesters besig is.

Dissipelmakers Kursus

Harvesters het 'n opwindende nuwe projek! Nooi 'n Harvesters-verteenwoordiger uit om die Dissipelmakers Kursus by jou gemeente te kom aanbied. Hierdie kursus is reeds by verskeie kerke in Kaapstad en Johannesburg aangebied. Gee vir ons die geleentheid om jou gemeente te help groei deur jou gemeentelede te motiveer om uit te gaan verlore siele in julle gemeenskappe te evangeliseer en dissipels te maak. Kontak ons vandag nog by info@harvestersministries.com en vra dat een van ons verteenwoordigers die kursus by jou gemeente kom aanbied.

Gebedskalender

Laai jou maandelikse gebedsriglyne by www.harvestersministries.com/prayer-calendar van ons webtuiste af en bid saam met ons. Daar is baie krag in gebed en dit sal vir ons die wêreld beteken as jy saam met ons sal bid en ons sal help om God se Koninkryk regoor die wêreld uit te bou.



www.harvestersministries.com

WhatsApp: **064-809-6326** (stuur jou naam en ons sal jou kontak).

Telefoon: **011-955-1814** of **021-300-5629**

E-pos: info@harvestersministries.com

Freepost CB11432 • Strand, 7139

(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

**Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close •
Somerset West Business Park , 7130 • Suid-Afrika**

Die Pilare van Harvesters Ministries



Evangelisasie

Opleiding in Evangelisasie by die plaaslike inheemse kerk.



Dissipelskap

'n Gratis dissipelskapkursus maak die weg vir mense oop om die Bybel te lees en te verstaan en gemotiveerd te raak in hulle nuutgevonde geloof.



Pastorale Opleiding

Opleiding en mentorskap om volhoubare leierskap te ontwikkel word deur 'n drie jaar kursus by die Hub-kerk verkry.



Bybelplasing

Bybels wat in plaaslike tale na nuwe kerke versprei word in areas waar daar 'n geweldige tekort is, sodat nuwe Christene in hulle geloof kan groei.



Eksponensiële Kerkgroei

Kerke wat die potensiaal het om oor 8 jaar te groei na 30-40 nuwe kerke.